# Les 5 IN DIE BLOUDRAAD (DIE WET) VLOEI DAAR STROOM

## 1. Twee verskillende tipes liefde: krag en stroom

Daar is twee tipes liefde!

God se liefde vir ons is die krag waardeur Hy sondaars red. Ons liefde vir God is iets heeltemal anders. Ons liefde vir God is nie die krag waardeur sondaars gered word nie.

| Ons liefde vir God is gehoorsaamheid aan die Gebooie van God. |
|---|

Die apostel Johannes beskryf ons liefde vir God in sy briewe 1 Johannes 5:

*"2 Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. 3 Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam."*

En in *2 Johannes: " Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar 'n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê. 6 En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe."*

Wat is die toets van ons ware liefde vir God? Dit is die Tien Gebooie. Ons liefde vir God bestaan daarin dat ons Sy wil gehoorsaam.

Dit is ook die toets van ware liefde vir ons naaste. Hoe weet jy of jy jou naaste liefhet? Die Bybel ken net een manier om jou naaste lief te hê – dit is om te luister na hoe God wil hê ons teenoor ons naaste moet optree! Dit is hoekom Johannes kan sê dat die enigste manier om te weet dat jy jou naaste liefhet – is om te kyk of jy God se wil vir hoe jy teenoor jou naaste moet optree, gehoorsaam.

God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom, is twee heeltemal verskillende soorte liefdes. Ons liefde vir God is gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. God is nie gehoorsaam aan die Tien Gebooie nie. Hy is die Here van die Gebooie. God se liefde vir ons in die Evangelie is dat Hy ons insluit in Sy liefde as God, al is ons sondaars.

Dit is net soos met 'n elektriese koord. Dit bestaan nie net uit 'n bruindraad nie. Dit bestaan uit 'n bruindraad én 'n bloudraad.

Ons het gesien in die bruindraad vloei daar krag. Maar in die blóúdraad vloei daar iets heeltemal anders. Dit word ook iets anders genoem – stroom.

Stroom is heeltemal iets anders as krag. Krag vul die ketel met krag en laat sy element werk. Stroom laat nie dinge werk en gebeur nie. Dit is heeltemal iets anders wat in die bloudraad vloei, as wat in die bruindraad vloei.

Net so werk die Woord van God. In die Evangelie vloei God se liefde na ons toe, maar in die Wet vloei ons liefde terug na God toe.

**2. Ons liefde vir God stroom deur die Wet na God toe**

Kom ons kyk weer na die binnekant van ŉ bloudraad. Binne-in hierdie draad is baie koperdraadjies. Dit is hoe God se Wet lyk. God het een wil, maar Sy wil bestaan vir ons uit verskillende Gebooie. Dit is weer die sigbare deel van God se wil – dit wat Hy vir ons sê om te doen.

**Die Wet van God.**

*“Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: [2] “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. [3] Jy mag naas My geen ander gode hê nie. [4] “Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. [7] “Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. [8] “Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.[12] “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. [13] “Jy mag nie moord pleeg nie. [14] “Jy mag nie egbreuk pleeg nie. [15] “Jy mag nie steel nie. [16] “Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie. [17] “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of slavin, ’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”* Eks. 20

Maar dit is net die draadjies. Wat vloei binne-in die draadjies na God toe? Dit is stroom. Stroom is weer elektromagnetiese golwe. Dit is weer die onsigbare deel binne-in die bloudraad. Stroom is dit wat, onsigbaar van buite, binne-in en deur die bloudraad vloei.

Stroom is nie dieselfde as die draadjies waardeur die stroom vloei nie. Dit is iets anders. Net so is ons liefde vir God wat deur die Wet na God toe vloei, nie dieselfde as die Gebooie nie.

Ons liefde vir God is dit waarmee God se liefde ons volmaak. In die vorige les het ons gesien Paulus noem dit die vrug van die Gees:

*"[22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."* Gal. 5

Die Wet het niks teen hierdie gesindhede nie. Hierdie gesindhede vloei deur die Wet na God. Dit is die hele doel van die Wet dat hierdie gesindhede daardeur sal vloei. Paulus stel dit só in Romeine 13:

*"[9] Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." [10] Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."*

Wat beteken die woorde: "liefde is die volle uitvoering van die Wet"? Dit beteken dat die liefde alles doen wat die Tien Gebooie van ons vra.

Ons moet hierdie twee sake altyd langs mekaar sien: die bloudraadjies, en die stroom wat binne-in die bloudraadjies vloei; dit is die Tien Gebooie, en die liefde wat ons vir God en ons naaste in onsself het, wat deur die Wet na God en ons naaste toe vloei.

| **Die Wet: die bloudraad** | **Die stroom in die wet:**<br>**ons liefde vir God en ons naaste** |
|---|---|
| Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: [2] "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. [3] Jy mag naas My geen ander gode hê nie. [4] "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. [7] "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.[8] "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] | [22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing [23]. Teen sulke dinge het die wet niks nie. (Gal. 5) |

| | |
|---|---|
| maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. [12] “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. [13] “Jy mag nie moord pleeg nie.[14] “Jy mag nie egbreuk pleeg nie. [15] “Jy mag nie steel nie. [16] “Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie.[17] “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ’n slaaf of slavin,’n bees of ’n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.” Eks. 20 | |

Ons liefde vir God moet altyd aan die Wet gekoppel wees, en deur die Wet na God vloei.

- Ons nederigheid moet nederigheid wees wat bereid is om te luister na ons ouers, wat bereid is om tevrede te wees met ons eie goed, wat ander se lewe hoog ag, om ander die eer te gee wat hulle toekom.
- Ons vrede moet altyd ŉ vrede wees wat ander lewe gun, wat tevrede is met die vrou wat God my gee, wat tevrede is met die waarheid van sake en dit nie anders wil draai om my te pas nie.
- Ons goedhartigheid moet ŉ goedhartigheid wees wat goed is vir ander se lewe, se eiendom, se naam, se gesag, en help om dit op te pas.
- Ons vreugde moet ŉ blydskap wees vir wat God my gee, en ook vir wat God vir ander gee: lewe, eiendom, ŉ man of vrou, ŉ belangrike posisie.
- Ons selfbeheersing moet gaan oor ons eie mag, ons eie seksuele drange, ons eie behoefte aan besittings, ons eie geloofwaardigheid.

Hierdie is nooit sommer maar net gesindhede wat ons in onsself het en binne-in onsself vir onsself hou nie. Dit is altyd gesindhede waarmee ons gehoorsaam is aan die Gebooie van God.

Ons liefde is altyd gekoppel aan die Gebooie van God.

Sonder die Tien Gebooie kan ons liefde nooit na God toe stroom nie. Dan is ons net soos ŉ ketel wat net aan ŉ bruindraad gekoppel is. Ons is altyd gekoppel aan

die bloudraad, die Wet van God, sodat ons liefde na God toe kan stroom deur die Wet.

**3**. **<u>Die krag in die bruindraad maak 'n stroom in die bloudraad</u>**

Waar kom die stroom in die bloudraad vandaan? Kyk weer na die koord en die ketel! Die krag in die bruindraad kom nie van die ketel af nie. Dit kom van die kragsentrale af. Die krag vloei van die kragsentrale na die ketel toe.

En die stroom in die bloudraad, waar kom dit vandaan? Kom dit uit die ketel uit? Dit kom uit die ketel uit, maar dit is nie die ketel wat stroom maak nie. Die groot geheim is dat die krag in die bruindraad ook die stroom maak wat weer uit die ketel na die kragsentrale terugstroom.

Die apostel Johannes beskryf dit só in 1 Johannes:

*"10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. ... 19 Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."*

Ons liefde vir God is nie werklike liefde nie. Beteken dit dat ons God nie regtig liefhet nie? Nee! Johannes sê ons liefde vir God is nie regtig iets wat uit onsself en uit ons eie kom nie. Ons liefde vir God is nie iets wat vanself daar is nie.

Ons liefde vir God kom nie uit onsself nie, dit kom uit God se liefde vir ons. Daarom sê Johannes ons het God lief omdat God ons eerste liefgehad het. Dit is God se liefde vir ons wat binne-in ons is, wat liefde opwek vir God. God se liefde vir ons maak dat ons Hom liefhet.

God is die Skepper. Die liefde wat ons vir Hom het – is liefde wat Hy met Sy liefde binne-in ons skep. Dit is nie vanself daar nie. Dit is net daar omdat God dit maak.

Dit is hoekom Paulus ons liefde vir God en ons naaste, die vrug van die Heilige Gees noem. Dit is nie iets wat ons maak of in onsself opwek nie. God skep hierdie vrug in ons deur ons te laat deel in Sý liefde vir sondaars.

**4. <u>Die stroom wat uit ons harte kom, is die vrug van die Gees</u>**

Uit wie se hart kom die liefde vir God, die vrede met God, die vreugde oor God, die nederigheid en selfbeheersing teenoor die Here?

Dit kom uit ons mense se harte. Daarom is dit gewone menslike liefde, menslike geduld, menslike selfbeheersing, menslike vriendelikheid en menslike goedhartigheid. Daar is niks goddeliks of snaaks aan die houdinge nie. Dit is menslik, al gaan dit oor God en vir God.

Nou as dit dan uit ons harte kom, hoekom word dit die vrug van die Gees genoem?

Vrug beteken dit is die eindproduk van die werk van die Gees. Hy maak dit, daarom is dit Sy vrug. Hy bewerk dit. Daarom kom dit as resultaat van al die werk wat Hy doen. Lees weer Gal. 3: 3-5:

*"[3] Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? [4] Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! [5] Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?"*

en Gal. 4:6: *"En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!"*

Kom ons kyk weer na die ketel en die koord!

Waar kom die stroom vandaan wat uit die ketel deur die bloudraad vloei ? Kom dit uit die water binne-in die ketel? Kom dit uit die element van die ketel? Kom dit uit die kontakpunt van die ketel?

Dit kom – uit die bruindraad. Die krag wat in die ketel ingaan, veroorsaak so 'n groot spanning binne-in die ketel dat daar uit die ketel dan 'n stroom terugvloei in die bloudraad in.

Dit is wat Paulus in Gal. 3: 3-5 verduidelik. Kook die ketel omdat hyself probeer kook – of omdat hy krag uit die bruindraad ontvang? Net so dien ons die Here met ons talente, nie uit ons eie krag nie. Die Evangelie maak dat ons God se liefde en genade ontvang, en dit is die krag wat maak dat ons die Here dien. Gal. 4:6 – Dit is omdat die Gees van God Sy liefde en genade in ons harte instuur, dat uit ons harte, ons God weer as Vader aanroep. Hierdie liefde vir God as Vader in Gal. 4:6, kom uit die krag van die bruindraad: die liefde van God wat in ons lewe invloei deur die Evangelie.

| |
|---|
| Dit is die krag in die bruindraad wat die stroom in die bloudraad maak en laat vloei. Dit is God se liefde vir ons as sondaars wat Hy in ons harte uitstort, wat in ons 'n liefde vir God skep, wat deur Sy Wet na Hom toe terugvloei. |

**5. <u>Die Wet gee rigting aan die stroom van ons liefde vir God en ons naaste wat God se liefde in ons skep</u>**

Waarheen vat die bloudraad die stroom wat uit die ketel vloei?

Dit gaan terug na die kragsentrale toe. Dit is die rigting waarin die stroom vloei. Die bloudraad vat die stroom van die ketel terug na die plek waarvandaan die krag uit die bruindraad gekom het.

Dit is die belangrike plek van die Tien Gebooie in ons lewe. Dit gee rigting aan die liefde wat ons vir God en ons naaste het.

Die enigste manier waarop ons God kan liefhê, is deur gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. Ons liefde kan op geen ander manier na God toe gaan nie, as net deur die Tien Gebooie nie.

*"[2] Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3] Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam."* (1 Joh.5)

Daar kan nie iets wees soos 'n ketel waaruit stroom vloei sónder dat dit aan die bloudraad gekoppel is nie. As dit nie aan die bloudraad gekoppel is nie, vloei daar nie krag in nie, en ook nie stroom uit nie.

Net so – daar kan nie iets wees soos 'n mens wat vol liefde vir God is, maar nie aan die Wet van God gekoppel is nie. Die enigste wyse waarop daar liefde uit ons harte na God stroom, is deur ons verbintenis aan die Tien Gebooie. Dit is deur ons gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie.

Daar is geen ander manier waarop mense se liefde na God kan stroom, as net deur die Tien Gebooie nie. Paulus beskryf hierdie rigting wat die Wet aan ons liefde gee, in 1 Korintiërs 10 só:

*"[31] Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.*"

In Romeine 11 stel Paulus dit weer só:

*"[34]Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? [35] Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" [36] Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen."*

Uit God, deur God en tot God is alle dinge. Die liefde wat God vir ons het en ons liefde vir Hom, kom uit God. Hy maak al twee. Daarom bewys ons God nie 'n guns as ons Hom liefhet volgens Sy Gebooie nie.

Dit is Hý wat óns die guns bewys om hierdie liefde binne-in ons te maak. Daarom moet hierdie liefde ook na God toe gaan.

Dit is ter wille van God dat ons Hom en ons naaste liefhet. Die Tien Gebooie is die wyse waarop ons ons liefde na God laat gaan. As ons nie volgens die Tien Gebooie God en ons naaste liefhet nie, dan gaan ons liefde nie na God toe nie.

Die Tien Gebooie rig ons liefde na God toe sodat alles wat ons doen, tot God se eer en heerlikheid is.

**6. Oefening**

Ons liefde vir God vloei deur die Wet na God. Kyk hoe wys die volgende verse vir ons hoe ons liefde vir God aan die Wet gekoppel is: ons liefde vir God stroom deur die bloudraad:

Psalm 119:

*"[47] In u gebooie, wat ek liefhet, sal ek my verlustig. [48] Op u gebooie, wat ek liefhet, sal ek al my hoop vestig. U voorskrifte sal my bybly. [97] Hoe lief het ek u wet! Dit bly my elke oomblik by...."*

*U gebooie gee my meer insig as wat my vyande het, en is altyd by my. [99] Ek munt uit bo al my leermeesters, want u verordeninge bly my by. [100] Ek het meer insig as ouer mense, want ek gehoorsaam u bevele. [111] U verordeninge maak ek altyd my eie, want hulle is vir my 'n vreugde. [112] Ek lê my daarop toe om u voorskrifte altyd uit te voer, tot die einde toe....*

*[113] Ek haat huigelary, maar u wet het ek lief. [127] Ek het u gebooie liewer as goud, as fyn goud. [128] Daarom leef ek nougeset volgens al u bevele en haat ek elke verkeerde pad.*

*[129] U verordeninge is wonderlik, daarom kom ek hulle na. [163] Ek haat en verafsku leuens, maar u wet het ek lief....*

*[164] Ek loof U soveel keer elke dag oor u bepalings. Hulle is regverdig.*

*[165] Vir dié wat u wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie.*

*[166] Ek vestig my hoop op hulp van U, Here, u gebooie gehoorsaam ek.*

*[167] Ek kom u verordeninge na, ek het hulle baie lief. [168] U bevele en verordeninge gehoorsaam ek. My hele lewe lê oop voor U."*

Kyk hoe wys die volgende verse dat God die liefde wat ons in ons harte vir Hom het, maak: die krag in die bruindraad maak die stroom in die bloudraad:

*"[25] Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26] Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27] Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28] Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."* (Esegiël 36)

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________

Handtekening: ouer of voog